



# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

## Nuusbrief Newsletter

02 | 2024  
02 | 02 | 2024

### BELANGRIKE DATUMS

Sa., 3 Feb: Atletiek Interskole (Hermanus)  
Ma., 5 Feb: Gholfliga (Swellendam)  
Wo., 7 Feb: Colour Run (Netbalfondsinsameling)  
Vry., 9 Feb: Sa. 10 Feb: Agnes Pauw-tennistoernooi (dogters)  
Sa., 19 Feb: Krieket HSB o.19 vs HTS Drostyd



**WELKOM AAN ELKE NUWE BD!  
ONS VERTROU DAT JY GOU BY  
AL DIE BD-AKTIWITEITE SAL  
INSKAKEL EN DAT JY REEDS 'N  
GOEIE ADVERTENSIE VIR JOU  
NUWE SKOOL IS.**

Maq jou BD-jare onthou-jare word!

### PERSONEEL



Die BD-onderwysers het tydens Interskole geesweek weereens bewys dat hul oorgenoeg entoesiasme het. Hulle het elke dag volgens 'n vasgestelde tema aangetrek.

Ma. – Wear Black  
Di. – BD-kleredrag

Wo. – Wat is jou gunstelingkleur?  
Do. – Tutu's en funky socks

Vr. – Blou en geel



### GR 8-BAADJIE OORHANDIGING

Die gr 8 BD's is verheug dat hulle uiteindelik, na afloop van hul verwelkomingstydperk, nou volwaardige BD's is. Na die spesiale saalbyeenkoms mag die 107 nuwelinge nou elke dag hul skoolbaadjies met trots dra. Welkom in die BD-familie. Dit is ons wens dat julle 'n vol en gelukkige hoërskoolloopbaan sal hê.



# CUM LAUDE-AAND

The annual Cum Laude evening took place on Monday, 29 January. As seen on the pictures attached, these learners achieved the highest percentage for a subject in their grade for 2023.

We are immensely proud of you! Keep pushing yourself to do your utmost best.

## HOOGSTE VAKPRESTASIES: GR.8 2023

GEORGIA DIEDERICKS



EAT 78 %

MICKYLA DE VILLIERS



SW 95 %

NINA TERBLANCHE



LO 82 %

RÉMY WESSELS



FAL 87 %  
WISK 95 %  
NW 90 %  
EBW 98 %  
TEG 93 %

MALIENKE VAN WYK



HT 91 %  
HL 91 %  
SK 96 %

CONGRATULATIONS!

## HOOGSTE VAKPRESTASIES: GR.9 2023

ADEN PAYNE



LO 79 %

SHAYLINN OCTOBER



EAT 84 %

ZOË OCTOBER



HT 82 %

JULIA DE WET



SK 83 %

MANDE-MARI DARBY



HL 80 %  
CA 83 %

HUGO BESTER



EBW 95 %  
SW 92 %

PHILIP FICK



SW 92 %  
NW 88 %

QULES ROELOFFZE



HT 82 %  
FAL 87 %  
TEG 93 %

CONGRATULATIONS!

## HOOGSTE VAKPRESTASIES: GR.10 2023

BRAAM WESSELS



WG 76 %

RUAN TEMMERS



GEO 78 %

GARETH EYLES



IT 75 %

RORY DOWRIE



EAT 78 %

NIKYLAH ERNS



TOUR 85 %

AIMEE SWART



BS 88 %

MINKE TERBLANCHE



VERB 86 %

MILAN DANIEL



RTT 84 %

SUZANNE PRETORIUS



HL 92 %  
EGD 96 %  
LS 89 %

MIEKE SAAYMAN



HT 95 %  
FAL 88 %  
WISK 86 %  
LO 94 %  
REK 96 %  
LW 89 %  
FW 91 %

CONGRATULATIONS!

## HOOGSTE VAKPRESTASIES: GR.11 2023

KC NEL



WG 82 %

AIMÉ-LEE MAREE



EAT 87 %

INA-MARI AUGUSTYN



VERB 80 %

ANJA GEYER



TOER 92 %

DEON HARMSE



IT 91 %

MINKE DU TOIT



FAL 84 %

JACQUES HARMSE



CAT 93 %

HELENA KRIEL



BS 90 %  
GEO 90 %

TANYA VAN DER MESCHT



REK 91 %  
LW 92 %

SOMÉ LOUW



HT 94 %  
HL 90 %  
WISK 98 %  
LO 85 %  
IGO 97 %  
LW 92 %  
FW 91 %

CONGRATULATIONS!

We would like to congratulate the top 3 candidates per grade, from grade 8 to 11, with their prestigious achievements for 2023.

This meritorious achievement could only be attained via hard work, dedication and constant motivation. We are tremendously proud of each and every single one of you and we cannot wait to witness the new heights that you will reach in 2024.

## TOP ACHIEVERS: GR.8 2023

MALIENKE VAN WYK

A-GEMIDDELD: 91,38 %



1

RÉMY WESSELS

A-GEMIDDELD: 90,88 %



2

NINA TERBLANCHE

A-GEMIDDELD: 88,88 %



3

BAIE GELUK!

## TOP ACHIEVERS: GR.9 2023

QULES ROELOFFZE

A-GEMIDDELD: 86,25 %



1

HUGO BESTER

A-GEMIDDELD: 85,88 %



2

PHILIP FICK

A-GEMIDDELD: 84,75 %



3

BAIE GELUK!

## TOP ACHIEVERS: GR.10 2023

MIEKE SAAYMAN

A-GEMIDDELD: 90,83 %

AKADEMIESE EREKLEURE



1

SUZANNE PRETORIUS

A-AGGREGATE: 90 %

ACADEMIC HONORARY COLOURS



2

MILAN DANIEL

A-GEMIDDELD: 80,33 %

AKADEMIESE EREKLEURE



3

BAIE GELUK!

## TOP ACHIEVERS: GR.11 2023

SOMÉ LOUW

A-GEMIDDELD: 93,67 %

AKADEMIESE EREKLEURE (2022)



1

TANYA VAN DER MESCHT

A-GEMIDDELD: 89,17 %

AKADEMIESE EREKLEURE (2022)



2

HELENA KRIEL

A-GEMIDDELD: 87,67 %

AKADEMIESE EREKLEURE (2022)



3

BAIE GELUK!



## ATLETIEK

**HOËRSKOOL STELLENBERG ATLETIEK  
UITNODIGINGSBYEENKOMS: 27 JANUARIE**

Die BD-atlete se mooi uitslae by dié byeenkoms wat in snikhete toestande plaasgevind het, bewys dat BD-atlete beslis staal in hul spiere het!

1300 atlete (uit 12 skole) het aan hierdie byeenkoms deelgeneem.

HSB se uitslae is as volg:

Naidé April So'19: 1ste 100m 10.66 (nuwe byeenkomsrekord)  
2de 200m 23.34

Leighton Ahrends So'17: 1ste HS 1.85  
3de VS 6.37

Aden Payne So'17: 2de 3000m 9.44.25  
2de 1500m 4.37.13  
3de 800m 2:09.87

Llewellyn Gabriel's So'17: 2de DS 12,05  
Alicia Mukuratiwa Do'14: 2de 200m 27.90

Urlinn Henecke So'17: 2de 100m 11.05  
3de 200m 23.53

Luca Hendricks So'19: 3de DS 11.87  
Luke Gabriels So'14: 3de 100mH 16.11

Baie dankie aan me Larissa Lombard wat as hoof by die Diskus opgetree het en mnr Christopher van Niekerk wat die spanbestuurder was. 'n Baie groot dankie aan hul busbestuurder, mnr Andries Swart.

Sterkte met die res van die seisoen!

**INTERSKOLE**

Die interskoleprogram is reeds aan atlete en ouers gegee. Die program is ook op ons Facebook-blad beskikbaar.

Die optogte van die dirigente begin om 7h00.

## SKAAK

Dertien HSB-leerders het op Saterdag, 27 Januarie 2024, aan die Overberg Schools Chess Rapid Open Kompetisie in Caledon deelgeneem. Hulle het 5 rondtes gespeel en met vier trofee geseëvier.

- 🥇 Emma Bester - eerste plek Dogters o/19
- 🥈 Javon Hansen - derde plek Seuns o/17
- 🥇 Luke Valentine - eerste plek Seuns o/15
- 🥈 Jonathan Gabriels - tweede plek Seuns o/15

Baie geluk aan hierdie skaakspelers met hul puik prestasies!

**KWARTAALTEMA**  
Connect with People

## GHOLF

Twee BD-golfspanne het op 29 Januarie aan die Boland Gholfliga, in Robertson, deelgeneem. Ten spyte van 'n stormwind, is die volgende goeie punte aangeteken:

Zandré Niemand: 8  
Kevin Goliath: 8  
Kyle Willeman: 9  
Matthew Brooks: 13  
Edmund O'Ehley: 19

Voorspoed met die volgende kragmeting!



VLNR: Zander Niemand, Tiaan Scheepers, Christiaan Stoltz, Kyle Willeman, Edmund O'Ehley, Matthew Brooks, Kevin Goliath

**INTERSKOLE ONDERSTEUNING**

BD-ondersteuners, onthou asseblief om môre, 3 Februarie, in Hermanus die BD's te ondersteun in jul blou BD-Ondersteunersklere. Dit is te koop by *Star Signs* in Bredasdorp. Onthou om kampstoele en sonsambrele saam te neem. Daar is sprake dat dit Saterdag in Hermanus kan reën.



Agter vlnr: Jacques Harmse, Abrie Janse van Vuuren, Luke Valentine, Deon Harmse  
Middel vlnr: Janko Rossouw, Emma Bester (k), Jöagen Olivier, Tineecke Jacobs, Rory Dowrie, Jonathan Gabriëls  
Voor vlnr: Malienke van Wyk, Jawon Gabriëls, Javen Hansen

## TENNIS

### vs HS STRAND

HSB se eerste en tweede tennisspanne het op 27 Januarie, in die Strand, aan die Arende Afslaantoernooi deelgeneem. Die uitslae was as volg:

#### 1ste span in die A-afdeling:

vs Bellville 1: gelykop 4 elk

vs Somerset College 1: verloor 0-6

vs Strand 1: verloor 1-5

#### 2de span in die B-afdeling:

vs Brackenfell 1: verloor 3-5

vs Montagu 1: verloor 1-5

vs Strand 2: verloor 1-5

Die BD's het ten alle tye veggees getoon.

### vs HS BONNIEVALE

The BHS tennis team played against Bonnievale HS on Wednesday.

The boys managed to win their game 5-4, but unfortunately the girls lost 3-6.

Ons is steeds baie trots op hierdie groep spelers en baie opgewonde oor die graad 8-leerders wat by HSB se tennis aangesluit het.



#### 2de TENNISSPAN

Agter vlnr: Fayannette Kruger, Jan-Carel Lochner, Dirk Neethling, Mkhululi Tundezwa

Voor vlnr: Leslie-Ann Janse van Rensburg, Lisa Bredell, Mickyla de Villiers, Daniël Fourie



BD's wat teen Bonnievale tennis gespeel het



## DOGTERSKRIEKET

HSB se o19-dogterskrieketspan het gister tuis teen Hermanus gespeel en met 40 lopies gewen!

Hermanus wen die loot en besluit om eerste veldwerk te doen.

HSB teken 104/4 in 20 beurte aan.

Beste kolwers:

Junicke Newman - 31 lopies

Fayannette Kruger - 14 lopies

Tydens Hermanus se kolfbeurt, kon hul slegs daarin slaag om 64/9 (20) aan te teken.

Beste boulders:

LZ du Toit 4/12 (4)

Fayannette Kruger 1/4 (4)

Baie geluk, dogters!



## GR 12 NSS 2023-VAKPRESTASIES

Ons is baie trots op die volgende vakprestasies wat in die gr 12 NSS-eksamen van 2023 behaal is:

- AFRIKAANS: Ons distrik (Overberg Onderwysdistrik) het die beste presteer in die Wes-Kaap.
- REKENINGKUNDE: Hoërskool Bredasdorp het die beste in die distrik gevaar.
- GEOGRAFIE: Ons kring (kring 1) het die beste uitslae in die Overberg Onderwysdistrik.
- ENGLISH: BHS came third in the district for Home Language and second for FAL.



**Don't Wait!**

Get ready for the 2025 school year.  
Maak gereed vir die 2025-skooljaar.

**Apply for admission before the deadline!**  
Doen aansoek om toelating voor die sperdatum!

**11 to 12 2024**  
Maarsch April

**Apply for Grade 1 & 8**  
Graad 1 & 8  
Doen aansoek vanaf 11 Maart tot 12 April 2024

Apply online at [wcedonline.westerncape.gov.za](http://wcedonline.westerncape.gov.za)

Application period for Grade R and transfers (Grade 2 - 7 and 9 - 12): 1 - 16 August 2024



**HOÛRSKOOL BREDASDORP**

**OPEDAG**

CONNECT met die *VBQ's*

Register Now


26 FEB 2024  
18:00

www.hsbredasdorp.co.za @hoerskoolbredasdorp @hsbredasdorp

SCAN ME



**JAARTEMA:  
CONNECT**



# Februarie

<b>Sat</b>	<b>3</b>	ATLETIEK: Interskole (Hermanus)
<b>Ma</b>	<b>5</b>	GHOLFLIGA (Swellendam)
<b>Wo</b>	<b>7</b>	Colour Run (Netbal Fondsinsameling)
<b>Vry</b>	<b>9-10</b>	TENNIS: Agnus Pauw Toernooi (dogters)
<b>Sat</b>	<b>10</b>	KRIEKET: HSB o/19 vs HTS Drostyd
<b>Ma</b>	<b>12</b>	GHOLFLIGA (Worcester)
<b>Di</b>	<b>13</b>	NETBAL: o/19 & o/16 proewe
<b>Wo</b>	<b>14</b>	Valentynsbal (VRL)
<b>Do</b>	<b>15</b>	NETBAL: o/14 proewe

# Februarie (vervolg)

<b>Vry</b>	<b>16-17</b>	TENNIS: Overberg Agri T4J-dubbels-toernooi (tuis)
<b>Sat</b>	<b>17</b>	ATLETIEK: Suid-Boland Byeenkoms (tuis)
<b>Di</b>	<b>20</b>	NETBAL: o/15-proewe
<b>Vry</b>	<b>23</b>	Drive-Thru (Hokkie Fondsinsameling)
<b>Sat</b>	<b>24</b>	KRIEKET: HSB o/19 vs HS Montana Damestee (Rugby Fondsinsameling)
<b>Ma</b>	<b>26</b>	Gr. 7-Opedag o/12- & o/13-Afrigtingskliniek (hokkie, rugby en netbal)



# HSB INTERSKOLE ATLETIEK

3/2/2024 - HERMANUS

## WHAT TO REMEMBER:

**BE ON TIME!**



Sing-song buses  
depart from  
Soetmuisberg  
at 05:00

Optog van  
dirigente begin  
stiptelik om 07:00

Athlete buses  
depart from  
Soetmuisberg  
at 05:30

Athletics start at  
08:00

Ondersteuners-  
klere en -pette by  
Star Signs te koop

Toeskouers onthou:  
hekgeld, kampstoel  
en sonsambreel

**BEST BEHAVIOR**



**Kom ondersteun asb. die BD's!**